




UNIVERSITEIT VAN
STELLENBOSCH
JAARVERSLAG

1997





ISSN: 1025 8302
ISBN: 0 7972 0679 5

ONTWERP EN PRODUKSIE:
FOTO'S:

G R A P H I C O R
JAC DE VILLIERS
ANTENIE CARSTENS EN ANTON JORDAAN VAN DIE
STELLENBOSCH SENTRUM VIR FOTOGRAFIESE DIENSTE
US DRUKKERY

DRUKKER:



INHOUDSOPGAWE

ALGEMEEN

Die Rektor se Dagbestuur	2
Die Universiteitsraad	2
Verslag van die Rektor	3
Vooruitskouing vir 1998	5
Gemeenskapsdiens aan die US	6
Personeel	7
Bemaking en Kommunikasie	9
Internasionale betrekkinge	9
Streeksamewerking	10

AKADEMIES


Verslag van die Viserektor (Akademies)	11
Eregrade	13
Ander toekennings	14
Akademiese Steundienste	14
Dekane van fakulteite	17
Navorsing	18
Afstandsonderwys	20
Nagraadse studie	22

BEDRYFSASPEKTE

Verslag van die Viserektor (Bedryf)	23
Finansies en Dienste	25
Inkomste en uitgawes	26
Kommersiële Dienste	27
Kapitaalwerke	27
Informasietegnologie	29

STUDENTESAKE

Verslag van die Hoofdirekteur: Studentesake	30
Studentedeelname aan bestuurstrukture	30
Huisvesting	31
Sport	32







Die Rektor se Dagbestuur

REGS: *Prof AH van Wyk (Rektor en Visekanselier)*
en prof HC Viljoen (Viserektor (Bedryf)).

ONDER (VAN LINKS): *Prof WT Claassen (Viserektor (Akademies))*, *prof S Kritzinger (Registrateur)*,
mnr NJ Basson (Hoofdirekteur: Finansies en Dienste)
en prof PG du Plessis (Hoofdirekteur: Studentesake).

HEEL ONDER: *Prof AJ van Wyk (Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne).*



Die Universiteitsraad

DIE REKTOR EN VISEKANSELIER

Prof AH van Wyk

DIE VISEREKTOR (BEDRYF)

Prof HC Viljoen

DIE VISEREKTOR (AKADEMIES)

Prof WT Claassen

DEUR DIE MINISTER BENOEM

Dr MT de Waal

Mnr PG Steyn (Voorsitter)

Mnr H Bailey

Mnr JH Momberg

DEUR DIE KONVOKASIE BENOEM

Prof AJ Brink

Mnr RS de la Bat (Ondervoorsitter)

Mnr CH Wiese

Prof E Botha

Mnr JG Carinus

Mnr WR Scheffler

DEUR DIE SENAAT BENOEM

Prof WP Esterhuyse

Prof BC Lategan

Prof PW van der Walt

DEUR DIE MUNISIPALITEIT BENOEM

Mnr JAM van Schoor

DEUR DIE DONATEURS BENOEM

Mnr GS van Niekerk

Mnr DK Smith

Dr CJ van Wyk

DEUR DIE WES-KAAPSE PROVINSIALE

REGERING BENOEM

Dr FG Backman

DEUR DIE STUDENTERAAD BENOEM

Mej N Fourie



Verslag van die Rektor

Die jaar 1997 het talle uitdagings ingehou, maar die Universiteit van Stellenbosch kan met dankbaarheid op 'n tydperk van produktiewe groei en bestendigheid terugkyk.

Sekerlik die belangrikste ontwikkeling vir hierdie Universiteit en alle ander hoëronderwys-instellings in Suid-Afrika was die aanvaarding van die Wet op Hoër Onderwys, wat op 19 Desember 1997 deur die President onderteken is. Hierdie promulgering is voorafgegaan deur 'n tydperk van intensiewe openbare gesprek: eers het 'n Groenskrif die lig gesien en toe verskeie weergawes van 'n Witskrif. Die universiteite het gesamentlik en ook afsonderlik die geleentheid benut om hul sieninge oor hoe die tersiêre opvoedingsektor in die toekoms behoort te lyk, aan die regering oor te dra. Dit is met dankbaarheid dat getuig kan word dat hierdie insette in bepaalde opsigte 'n positiewe invloed gehad het op die Wet wat uiteindelik aanvaar is. Hoewel daar nog aspekte van die Wet is wat nie bevredigend is nie, kan die Universiteit sy tevredenheid met die inhoud van die Wet oor die algemeen uitspreek.

In verskeie opsigte het die Universiteit die bepalings van die Wet vooruitgeleef, byvoorbeeld die bepaling dat studente inspraak behoort te geniet in universiteite se hoogste besluitnemingsliggame. Studente dien geruime tyd reeds in die Raad, Senaat en fakulteitsrade. Alhoewel die Witskrif nie besonder spesifiek is oor die aard van die akademiese programbenadering wat dit vir die toekoms voorskryf nie, het die Universiteit reeds ver gevorder om hierdie konsep te analiseer. Voorstelle is ook aan fakulteite en departemente gedoen aangaande die inwerkingstelling hiervan.

Verskeie ander voorstelle deur die Wet sal aanpassings deur die Universiteit noodsaak, maar dit sal na verwagting nie problematies wees nie, soos die herskryf van die Universiteit se Institusionele Statuut. Aanduidings is dat die Wet in sy geheel dalk nie voor 1999 of selfs 2000 in die praktyk toegepas sal word nie, ook aangesien dit aansienlike aanpassings in onder meer die struktuur van die Departement van Onderwys sal verg.

Die Wet op Hoër Onderwys verwag ook van elke universiteit om 'n institusionele forum tot stand te bring. Hierdie liggaam sal die Raad van advies bedien oor aspekte rakende die Universiteit se bedryf en ook oor sy toekomstige posisionering. 'n Taakgroep het die werking van sulke fora aan ander Suid-Afrikaanse universiteite ondersoek en kon waardevolle advies gee oor die stigting van 'n institusionele forum aan die US.

'n Tweede belangrike saak waarvoor 1997 onthou sal word, is die vordering met die Universiteit se strategiese beplanningsproses. Waar die proses voorheen "van onder na bo" verloop het, is die huidige beplanningsproses daarop toegespits om die oorkoepelende elemente saam te voeg.



Gewapen met die kennis en ervaring wat die proses tot dusver opgelewer het, skenk die nuut-gestigste Strategiese Beplanningskomitee (SBK) aandag aan die wyer makro-omgewing waarbinne die Universiteit hom bevind. Teen die einde van die verslagperiode het die SBK se werkgroepe reeds heelwat vordering gemaak met die verkenning van hul gegewe sektoromgewings. Die doel van die strategiese beplanningsproses is om die Universiteit se koers vir die volgende dekade aan te dui.

Die derde element van die Universiteit se opdrag (naas onderrig en navorsing), nl. gemeenskapsbetrokkenheid, het in 1997 verdere stukrag ontvang. 'n Omvangryke opname is gemaak van alle gemeenskapsgerigte aktiwiteite van die Universiteit. Feitlik elke departement, instituut of buro is betrokke by aksies in ons gemeenskappe, nie slegs rondom Stellenbosch of in die Wes-Kaap nie, maar inderdaad ook landwyd en soms met die borgskap van internasionale liggame.

Te midde van berigte van ontwrigtings van akademiese werksaamhede aan sommige Suid-Afrikaanse universiteite, was die algemene klimaat aan die Universiteit van Stellenbosch kalm. Dit het nie aan belangstelling in ons universiteitsgemeenskap vir temas soos omvorming en verandering ontbreek nie, maar die tradisionele volwassenheid van gees het die oorhand behou.

Op akademiese gebied het die Universiteit voortgegaan om aan 'n steeds meer heterogene studentebefolking onderrig van gehalte te gee. Die Afdeling Akademiese Steundienste het tot stand gekom om, enersyds, die gehalte van onderrig deur dosente verder te verhoog en, andersyds, veral studente uit histories benadeelde omgewings te help om hul akademies vir die suksesvolle aflegging van hul universiteitsstudie voor te berei met die klem op Wiskunde en Wetenskap. Die sukses van hierdie inisiatief spreek daaruit dat studente wat die akademiese oorbruggingsprogramme deurloop het, beter resultate behaal as hul medestudente wat nie hierdie programme gevolg het nie.

Die totale getal studente van die Universiteit het in 1997 verder gegroei tot 16 327. Dit is verblydend dat hierdie groei ook op nagraadse vlak plaasgevind het. Die persentasie nagraadse studente aan die US is, trouens, van die hoogste onder Suid-Afrikaanse universiteite. Met die groei in getalle hang ook die groei in die gehalte van die nuwelingstudente saam, soos blyk uit hulle prestasie op skoolvlak. Met sy stelsel van merietebeurse gee die Universiteit erkenning vir goeie prestasie op skoolvlak en moedig hy prestasie aan.

Die klem wat die Universiteit op nagraadse studie en navorsing plaas, is in 1997 voortgesit. Verskeie plaaslike en internasionale benoemings, pryse en toekennings vir navorsing is deur



personeel van die Universiteit ontvang en daar is 'n duidelike opwaartse tendens in die Stigting vir Navorsingsontwikkeling se evaluering van ons natuurwetenskaplike navorsers.

Die Universiteit van Stellenbosch het in 1997 met woord en daad bewys dat hy 'n ewewig tussen onmiddellike relevansie vir ons samelewing en langertermyn-soeke na en oordrag van nuwe kennis en akademiese waardes nastreef. Deur klem te lê op hierdie ewewig, speel Stellenbosch 'n belangrike rol om die toekomstige waardes van ons land te help vestig.

Vooruitskouing vir 1998

Die Universiteit van Stellenbosch sien sy toekoms as 'n opwindende uitdaging. Suid-Afrika verander daaglik op politieke, sosiale en ekonomiese gebied en die internasionale omgewing laat slegs ruimte vir innoverende en vooruitstrewende instellings. Die buitelyne van wat in 1998 van die Universiteit verwag word, is uiteraard nog vaag, maar nietemin reeds herkenbaar.

Een van die eerste uitdagings wat ons sal moet hanteer, is om die raamwerk wat deur die Wet op Hoër Onderwys van 1997 in die vooruitsig gestel word, sorgvuldig te ontleed en te begin implementeer. So byvoorbeeld sal die slaggate in die voorgestelde nuwe akademiese "programbenadering" behoorlik ondersoek moet word en die nuwe stelsel daarna op oordeelkundige wyse ingevoer moet word. Dit mag lei tot strukturele veranderings, soos die samesmelting van akademiese departemente en selfs van fakulteite.

Die ondervinding van streeksamewerking in die Wes-Kaap wat die Universiteit deur die Adamastor Trust opgedoen het, sal na verwagting baie nuttig op die pad vorentoe wees. Die aard en omstandighede van elke tersiêre opvoedingsinstelling in ons streek verskil, maar samewerking sal al hoe hechter word. Deeglike beplanning is nodig om die maksimum effektiwiteit in die streek te bewerkstellig, met inagneming van die besondere behoeftes en kulture van die deelnemende partye.

Die aanbevelings van die Strategiese Beplanningskomitee word in die tweede kwartaal van 1998 verwag. Die opdrag van die Komitee is om ondersoek in te stel na en aanbevelings aan die Raad te doen oor die gewenste posisionering van die Universiteit in die eerste dekade van die volgende eeu. Hierdie omvangryke en alomvattende oefening duur reeds geruime tyd en die Universiteit sal in die toekoms sy beplanning op die verkreeë kennis en ervaring kan baseer. As 'n verdere stap



sal die aanbevelings wat deur die Raad aanvaar word, ook uitgevoer moet word. Die strewe sal steeds wees om die Universiteit van Stellenbosch se toonaangewende status as onderrig- en navorsingsinstelling, sowel plaaslik as internasionaal, te handhaaf.

Die Universiteit sal op 'n vriendelike maar duidelike wyse moet bewys dat hy as 'n inklusiewe Afrikaanstalige instelling Suid-Afrika ten beste kan dien.

Ook die rektoraat van ons Universiteit sal in 1998 verandering beleef. Professor Christo Viljoen tree op 31 Maart 1998 as Viserektor (Bedryf) uit en hy sal opgevolg word deur die huidige President van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, dr Rolf Stumpf.

Die moontlikhede wat die moderne tegnologie ons bied, sal ontgin moet word. Die planne om die Universiteit as 'n beduidende rolspeler op die gebied van afstandsonderwys in Suid-Afrika en Suider-Afrika te vestig, sal in 1998 verdere stukrag ontvang.

Gemeenskapsdiens aan die US

Die Universiteit van Stellenbosch beskou gemeenskapsdiens as 'n integrerende deel van sy taak om kennis te genereer en toe te pas in aansluiting by die behoeftes en prioriteite van die gemeenskap. Gemeenskapsdiens word deur navorsings- en onderrigprogramme ondersteun en skep terselfdertyd ook nuwe geleenthede vir sodanige programme.

Programme en projekte waardeur die US uitvoering gee aan sy gemeenskapsdiensfunksie, sluit die volgende kategorieë in:

- programme en projekte wat onafhanklik van die onderrig- en navorsingstaak van die US bedryf word (bv. deur Matie Gemeenskapsdiens, die Sentrum vir Onderwysontwikkeling, die Instituut vir Wiskunde- en Wetenskapsonderwys, ens.);





- gemeenskapsgerigte diens- en ontwikkelingsaktiwiteite wat aan die formele onderrig-program van die US gekoppel is; en
- gemeenskapsgerigte navorsingsaktiwiteite.

Bykans tweehonderd gemeenskapsgerigte programme word op enige gegewe tydstop in een of meer van hierdie kategorieë bedryf.

Die kern van die US se gemeenskapsdiensaktiwiteite word egter steeds deur die studente van die Universiteit self bedryf. In die sestigerjare is die organisasie USKOR deur studente geskep om kostelose kliniekdienste aan minderbevoorregte medeburgers te lewer. Dit was in daardie stadium uiteraard onmoontlik om die groei van die organisasie te voorspel, veral deur die vestiging van aktiwiteite op die ander kampusse van die Universiteit.

Na deeglike oorweging en raadpleging is die naam in 1997 verander na Matie Gemeenskapsdiens/Matie Community Service/Sikhonza Uluntu. Nie net kan al die studente met die naam "Matie" identifiseer nie, maar daar word ook erkenning aan die drie amptelike tale in ons provinsie gegee. 'n Nuwe tradisie sal nou uitgebou word om ook gemeenskapsdiensvennootskappe met ander organe van die Universiteit te vestig.

MEDEWERKERS IN VENNOOTSAP

Matie Gemeenskapsdiens betrek groot getalle studente, asook kundige personeel uit die akademiese departemente en ander hulpbronne van die Universiteit, by die diens- en ontwikkelingsbehoefte van gemeenskappe. Verskeie projekte en dienste word in vier programme georganiseer, nl. Jeugontwikkeling, Volwassenegerletterdheid en -opleiding, Primêre Gesondheidsorg en Gemeenskapsleierskap en -ontwikkeling. Met hierdie programme word vanaf die Stellenbosch-, Tygerberg- en Militêre Akademie-kampus (Saldanha) meer as 17 000 mense bereik.

Personeel

Die Universiteit is met reg trots op die gehalte van sy studente. Daarom word die mees bekwame personeel, ondanks strawwe mededinging, gewerf en na indiensneming blootgestel aan verskeie vorme van verdere ontwikkeling om die hoogste vlak van diens en onderrig te verseker. Dit illustreer die Universiteit se verbintenis tot die verkryging en behoud van personeel van die beste gehalte op sowel akademiese as nie-akademiese gebied.



Die personeelsamestelling word, met inagneming van akademiese standaarde, deur middel van 'n proaktiewe personeelverbredingsbeleid aangepas. Die Universiteit slaag ook, deur nougesette finansiële dissipline te midde van ingrypende besnoeiings in staatsubsidie, steeds in hoë mate daarin om sy bestaande personeel te behou. Die noodwendige verskraling van die personeel-komponent kon gevolglik tot dusver binne sowel die akademiese as die nie-akademiese milieu op 'n ongedwonge wyse plaasvind.

PERSONEEL								
AKADEMIES							NIE-#AKADEMIES	
FAKULTEIT	PROFESSORE	MEDE- PROFESSORE	SENIOR LEKTORE	LEKTORE	JUNIOR LEKTORE	TOTAAL		
Lettere en Wysbegeerte	32	10	45	67	8	162	Uitvoerend-administratief	90
Natuurwetenskappe	21	17	42	33	2	115	Spesialis-ondersteunend	74
Opvoedkunde	8	2	12	17	1	40	Administratief	482
Landbouwetenskappe	12	4	19	8	1	44	Tegnies	254
Regsgeleerdheid	12	0	8	4	0	24	Dienspersoneel	423
Teologie	6	1	3	0	0	10	Vak- en ambagmanne	47
Ekonomiese en Best.wetenskappe	26	15	25	32	2	100	Totaal	1 370
Ingenieurswese	22	9	45	4	2	82		
Geneeskunde	28	12	19	29	3	91		
Bosbou	2	0	5	1	0	8		
Krygskunde	1	0	16	9	3	29		
Tandheelkunde	9	3	10	13	1	36		
Totaal	179	73	249	217	23	741		
Navorsers en navorsingsassistent						27		

Nuwe en voorgestelde wetgewing op die gebied van tersiêre onderwys, arbeidsverhoudinge, gelyke indiensnemingspraktyke, opleiding en ontwikkeling van personeel, vaardigheids-ontwikkeling en so meer, stel steeds toenemende en hoër eise aan die Universiteit en sy personeel. Proaktiewe beplanning en die inwerkingstelling van doelgerigte aksieplanne om hierdie eise die hoof te bied, vind deurlopend plaas.

Deur die bostaande strategieë ten opsigte van sy personeel te volg, kan die Universiteit die toekoms met vertroue tegemoetgaan.



Bemarking en Kommunikasie

As gevolg van toenemende mededinging in die hoëronderwyssektor, het die Universiteit van Stellenbosch voortgegaan om besondere klem te plaas op die ontwikkeling van die nuutgestigte Afdeling Bemarking en Kommunikasie.

Die nuwe afdeling het in 1996 tot stand gekom met die samesmelting van die US Stigting en die Afdeling Openbare Betrekkinge. Soos verwag, het hierdie proses van verandering 'n korttermyn-afname in die uitsette van sommige funksionele areas meegebring, maar daar word verwag dat die Afdeling in die loop van 1998 tot sy reg sal kom.

Fondsinsameling het in uifers moeilike omstandighede redelike groei getoon. Sonder inagneming van drie buitengewone groot skenkings in 1996, was daar 'n 8,3% groei in die totale fondse wat in 1997 bewillig is.

'n Nuwe Hoof: Kommunikasie, mnr Hans-Peter Bakker, is in Julie 1997 aangestel. Die verwagting bestaan dat die gevolge van 'n herposisionering en -strukturering van die kommunikasiefunksies by die Universiteit gedurende 1998 in toenemende mate merkbaar sal word.

Die Internasionale Kantoor speel steeds 'n sleutelrol in die Universiteit se strategie om die internasionale reputasie en skakeling van die Universiteit in stand te hou en uit te bou. Die Studentewerwingsportefeulje het sy personeeltal verhoog om die Universiteit meer doeltreffend aan voornemende studente te bemark.

Internasionale betrekkinge

In 1997 is die Internasionale Kantoor by die Afdeling Bemarking en Kommunikasie ingelyf, sodat die US voortaan sy internasionale betrekkinge oor 'n breër front op geïntegreerde wyse kan aanpak. Die kern van die Kantoor se bedrywighede is egter steeds die ondersteuning aan plaaslike en besoekende dosente en studente om studie- en navorsingsgeleenthede hier ter plaatse en in die buiteland te ontgin. Benewens die verspreiding van tersaaklike inligting oor internasionalisering en studie- en beursmoontlikhede, verleen die Kantoor hulp met die beplanning van oorsese nagraadse studie. Die Universiteit het in die loop van 1997 begin om 'n internasionale program vir buitelandse studente te implementeer. Die program is daarop gemik om die akademiese aanbod van departemente wat geskik is vir buitelandse studente op doelmatige wyse bekend te stel. Die Internasionale Kantoor verleen administratiewe ondersteuning vir al die prosesse verbonde aan



die inskryf van buitelandse studente en hulp met die algemene vestiging van hierdie studente op Stellenbosch. In die verslagjaar het 660 nie-Suid-Afrikaanse burgers aan die Universiteit gestudeer.

Nuwe institusionele samewerkingsooreenkomste is met die Philipps-Universität Marburg (Duitsland), die Technische Universität Berlin (Duitsland), die Fontys Hogescholen (Nederland) en die Universiteit van Maleia (Maleisië) gesluit. Al hierdie verbintenisse bou voort op bestaande navorsingskontakte en sal toekomstige studente-uitruiling bevorder.

Deur lidmaatskap van die nuutgestigte International Education Association of South Africa het die Kantoor 'n bydrae gelewer tot die formulering van standpunte oor sake wat buitelandse studente raak, byvoorbeeld mediese versekering, staatsubsidie en studiepermitte.

Streeksamewerking

Die vyf tersiêre inrigtings in die Wes-Kaap – naamlik die Universiteit van Stellenbosch, die Universiteit van Wes-Kaapland, die Universiteit van Kaapstad, die Kaapse Technikon en die Skiereilandse Technikon – het in die verslagjaar hul streeksamewerking verder ontwikkel. Die operasionele naam van die Trust is in die loop van 1997 verander na die Adamastor Trust.

Die klem val op die deling van fasiliteite of die gesamentlike beplanning vir fasiliteite, maar daar word toenemend ook aandag geskenk aan akademiese aspekte, bv. die deling van kundigheid vir die doel van kursusse. Die grootste projek is die koöperatiewe biblioteekprojek (CALICO), waaraan al vyf inrigtings deel het en wat deur die Ford Foundation, die Mellon Foundation en die Open Society Foundation finansiëel gesteun word. 'n Liggaam bestaande uit die betrokke viserektore wat verantwoordelik is vir die biblioteekfunksies aan hulle onderskeie inrigtings (CLEO), het intussen tot stand gekom om die ontwikkeling van CALICO te begelei.

'n Komitee van die senior verteenwoordigers van al vyf inrigtings (REEP) gee aandag aan die koördinerende gebruik en aankoop van duur navorsingstoerusting. Hierdeur word verseker dat die beskikbare middele vir toerusting op die mees doeltreffende wyse aangewend word. Verskeie komitees koördineer ander samewerkingsprojekte wat vir die Universiteit en vir die ander inrigtings in die streek van groot belang is.



Verslag van die Viserektor (Akademies)

Fakulteite en departemente het gedurende die verslagjaar indringend besin oor hulle kursusse en die aanbieding daarvan en die nodige aanpassings aangebring om vir die nuwe behoeftes en uitdagings voorsiening te maak. Terselfdertyd het hulle nuwe navorsingsprogramme beplan en deurgevoer en diens aan die gemeenskap gelewer.



Departemente het in hul akademiese aktiwiteite ondersteuning ontvang van verskeie akademiese ondersteuningsdienste wat op sentrale vlak aan die Universiteit gesetel is. Alhoewel sy studentetal toegeneem het, het die Universiteit hierdie dienste gelewer sonder 'n dergelike toename in personeel, vanweë die algemene rasionalisasie van sy personeel.

Verskeie afdelings het, ná besinning oor hul rol en prosedures, aanpassings gemaak wat hulle in staat stel om die beskikbare finansiële en menslike hulpbronne op die doeltreffendste manier te gebruik. Veral drie faktore het geblyk van groot belang te wees, naamlik die koördinering van aktiwiteite en benaderings, die nastreef van gehalte, en die tot stand bring van 'n omgewing waarbinne die Universiteit die nuwe fase van akademiese beplanning doeltreffend kan aanpak.

AKADEMIESE WERK VAN HOË GEHALTE

Dit is vir die Universiteit van Stellenbosch baie belangrik om akademiese werk van die hoogste gehalte na te streef, hetsy in navorsing, onderrig of gemeenskapsdiens. Verskeie meganismes help verseker dat akademiese werk van hoë gehalte gelewer word. Die belangrikste meganisme aan die akademiese kant is die stelsel van die eksterne evaluering van akademiese departemente deur 'n paneel van eweknie-deskundiges. In 1997 het die Universiteit die eerste siklus van vyf jaar deurloop. Met enkele uitsonderings weens besondere omstandighede, is alle departemente se onderrigprogramme tot op magistervlak in dié eerste siklus geëvalueer en waar probleme ervaar is, is die nodige stappe gedoen om dit reg te stel. Hierdie stelsel bied 'n model in Suid-Afrika en is te meer belangrik noudat alle universiteite se eie gehalteversekering- en bevorderingstelsels deur die Visekanseliersvereniging van Suid-Afrikaanse Universiteite (SAUVCA; vroeër die Komitee vir Universiteitshoofde, KUH) se Gehaltebevorderingseenheid geëvalueer word. Deur stappe soos dié toon die Universiteit dat hy erns maak met die aanspraak dat hy uitnemendheid nastreef.

Vir die lewering van akademiese werk van hoë gehalte is dit van groot belang dat studente wat aanvaar word gepas voorbereid sal wees vir universiteitstudie. Die Universiteit het in



die verslagjaar indringend aandag gegee aan maatreëls om te verseker dat nuwe studente toereikend voorberei is vir studie of, waar nodig, op 'n geskikte wyse na hulpprogramme gekanaliseer word.

AKADEMIESE BEPLANNING: 'N NUWE UITDAGING

Akademie se beplanning aan die Universiteit vind deurlopend plaas: nuwe grade en kursusse word ingestel, nuwe inhoude ontwerp en nuwe maniere van onderrig en evaluering word ontwikkel. Die verskyning van die Verslag van die Nasionale Kommissie oor Hoër Onderwys (NKHO) in 1996 en van die Witskrif vir Hoër Onderwys in 1997 het die gesprek oor die herbeplanning van die akademiese aanbod van die Universiteit in nuwe rigtings laat ontwikkel. Daar bestaan tans nog groot onduidelikheid oor baie aspekte van die beoogde stelsel en universiteite moet self bepaal hoe hulle die nuwe geleentheid optimaal wil benut.


Die nuwe stelsel sal gekenmerk word deur onderrigprogramme, wat in verskeie opsigte van die konvensionele graadkursusse kan verskil en wat groot aanpassings van departemente en fakulteite sal verg. Die boekie Onderrigprogramme: Dimensies, tipes en kriteria deur prof Rudie Botha (Departement Algemene Taalwetenskap), waarin 'n vertolking van die standpunte in amptelike dokumente gegee word en 'n model gebied word van hoe oor programme gedink kan word, word tans wyd versprei by ander universiteite en beïnvloed die gesprek oor hierdie saak landswyd. In 1997 is daar ook gewerk aan die ontwikkeling van 'n akademiese beplanningsraamwerk vir die Universiteit, wat vroeg in 1998 gefinaliseer sal word.

Prof Bernard Lategan is met ingang 1997 aangestel as Fasiliteerder: Akademie se Beplanning om die intensiewe gesprekke oor die akademiese herbeplanning vir die nuwe stelsel van hoër onderwys te help begelei.

Ten einde deeglik rekening te kan hou met al die ontwikkelinge op die beleidstoneel in Suid-Afrika, het die Universiteit in 1997 'n funksie Akademie se Omgewingsverkenning gevestig. Hierdie funksie het ten doel om alle relevante inligting wat die Universiteit se akademiese ontwikkeling en beplanning raak, byeen te bring en te vertolk met die oog op oorweging en moontlike implementering. Prof Johann Groenewald (Senior Direkteur: Navorsing) vervul hierdie belangrike funksie waardeur die Universiteit betyds ingelig word oor ontwikkelinge wat sy toekomsbeplanning raak.



Eregrade




Op 11 Desember het die Universiteit die volgende eregrade verleen:

Aan **mnr GJ Boonzaier** (*heel links*) die graad DPhil, honoris causa, vir sy bydrae as Suid-Afrikaanse skilder.


Aan **regter L van den Heever** (*links*) die graad LLD, honoris causa, vir haar bydrae tot die erkenning van die vrou in die regsberoep en in die samelewing.

Aan **mnr CH Wiese** (*onder*) die graad DComm, honoris causa, vir sy bydrae as veelsydige sake- en finansiële leier in Suid-Afrika.

*Diplomas in 1997 toegeken



*Grade in 1997 toegeken



*Die syfers hierbo reflekteer die grade en diplomas wat in Maart 1997 en Desember 1997 deur die Universiteit toegeken is.

Ander toekennings

Die Rektor, prof AH van Wyk,
by prof Vic Goedseels (links).




PRO BENE MERITO-MEDALJE

Die Universiteit se eerste Pro Bene Merito-medalje vir buitengewone diens aan die Universiteit is in 1997 toegeken aan prof Vic Goedseels, Dekaan van die Fakulteit Landboukundige en Toegepaste Biologiese Wetenskappe aan die Katolieke Universiteit Leuven (KUL). Prof Goedseels het onder meer 'n belangrike rol gespeel by die totstandbrenging en ontwikkeling van die uitruilooreenkomste tussen die KUL en die US. Hierdeur is belangrike deure vir die Universiteit geopen.

KANSELIERSMEDALJE

Die belangrikste toekenning wat die Universiteit jaarliks aan die mees uitstaande finalejaarstudent doen, is die Kanseliersmedalje. Die wenner vir 1997 was mej Christine Margarete Steinmann, aan wie die graad HonsBSc *cum laude* by die Desember-gradeplegtigheid toegeken is. Sy het oor haar algehele studietydperk van vyf jaar 'n gemiddelde van 95,15% behaal.



Akademiese Steundienste

Die akademiese steundiensomgewings is in 1997 geherstruktoreer om op 'n koherente wyse optimaal diens aan die totale universiteitsgemeenskap te lewer. Drie afdelings, naamlik die Afdeling Akademiese Ontwikkelingsprogramme, die Afdeling Universiteitsonderwys en die Sentrum vir Studentevoorligting, vorm nou saam die akademiese steundiensomgewing aan die Universiteit.

In die lig van die ingrypende veranderinge op die gebied van die hoër onderwys in Suid-Afrika is dit duidelik dat die akademiese steundiensomgewing 'n sleutelfaktor geword het. Hierdie steundienste behels onder andere die volgende: gespesialiseerde hulp aan onderwysbenadeelde studente en die dosente wat hulle moet bystaan; sielkundige, voorligtings-, loopbaan- en ontwikkelingshulp aan studente; en steun aan die akademiese personeel wat daarop gerig is om hulle beter toe te rus vir die snelveranderende eise wat in hierdie tydsgewrig aan universiteite wêreldwyd, maar veral in Suid-Afrika, gestel word.

Die individuele afdelings se aktiwiteite in 1997 word hieronder uiteengesit.



DIE AFDELING AKADEMIESE ONTWIKKELINGSPROGRAMME

Een van die belangrikste funksies van die Afdeling Akademiese Ontwikkelingsprogramme (AOP) is om toegang te verbreed deur aan voornemende studente met die nodige potensiaal uit onderwysbenadeelde gemeenskappe ondersteuning te bied. In 1997 het meer as 900 studente by die onderskeie AOPs baat gevind.

Die Universiteit is ook terdeë bewus van die behoefte aan toereikende voorbereiding vir universiteitstudie by baie skole. Die Afdeling is dus aktief betrokke by verskeie uitreikprogramme wat hoofsaaklik met behulp van die Instituut vir Wiskunde- en Wetenskaponderwys (IWWOUS) geloods en bestuur word.

Programme

- Brug- en inleidingsprogramme dien as belangrike plasingsinstrumente, veral vir voornemende studente wat net-net nie aan die minimum toelatingsvereistes van die onderskeie studierigtings voldoen nie, maar die potensiaal het om suksesvol te studeer.
- Basisprogramme, met 'n gemiddelde slaagpersentasie van 70%, bedien studente met akademiese agterstande in die natuurwetenskappe, toegepaste natuurwetenskappe, ekonomiese en bestuurswetenskappe en die regsrigting. Die eerste jaar word oor twee jaar versprei en studente word ondersteun met sowel hulp- en voorbereidende kursusse as ander meganismes soos tutorhulp.
- Senior studente bied tutorhulp in kleinroepverband aan AOP-studente wat nie meer in hulle eerste akademiese jaar is nie. Hierdie hulp word op aanvraag in moeilike vakke aangebied waar daar nie gewone basisprogramme bestaan nie.
- Ongeveer 500 studente het in 1997 ingeskakel by die taalhulpprogramme wat deels met die hoofstroom geïntegreer word. Ander onafhanklike programme wat in die taalbehoefte van studente en dosente voorsien, word ook deurlopend aangebied. Daar is 'n groeiende belangstelling by buitelandse studente om Afrikaans aan te leer en voorsiening word ook hiervoor gemaak.
- Uitreikprogramme is in 1997 met behulp van IWWOUS geloods, waaronder 'n projek in samewerking met die Katolieke Universiteit Leuven in België, waardeur onderwysbenadeelde skole so ver as die Oos-Kaap, bygestaan word met die onderrig van Wiskunde en Wetenskap.

Aangesien die Regering nie vir fondse vir AOPs voorsiening maak in sy subsidie aan universiteite nie, word hierdie inisiatiewe hoofsaaklik vanuit die privaat sektor en die buiteland befonds. In 1997 is 'n bedrag van R1,6 miljoen uit buitebronne ontvang, terwyl die Universiteit self ongeveer 20% tot die Afdeling se totale begroting bygedra het.



*'n Groep brugprogramstudente
voor die aanvang van
die akademiese jaar.*

DIE AFDELING UNIVERSITEITSONDERWYS

In sy strewe na uitnemendheid verleen die Universiteit van Stellenbosch hoë prioriteit aan die ontwikkeling van universiteitsonderwys. Die veranderende verband van hoër onderwys, plaaslik en internasionaal, stel die Universiteit voor nuwe eise. Ontwikkelings in veral rekenaargebaseerde onderwystegnologie skep ruim nuwe moontlikhede.

Gedurende die verslagjaar is 'n proses van besinning oor hierdie aangeleenthede voortgesit. Dit het uitgeloop op 'n ingrypende herstrukturering van die wyse waarop hierdie dienste aan die Universiteit gelewer word. Die twee buro's wat in die verlede dienste ten opsigte van onderwysontwikkeling, voortgesette onderwys en die produksie van onderwysmedia gelewer het, is gesluit. Alle produksiedienste is geprivatiseer, of na ander afdelings oorgeplaas. Verder word fondse voortaan regstreeks aan fakulteite toegeken om produksiedienste ten opsigte van onderwysmedia te bekom.

'n Nuwe afdeling, die Afdeling Universiteitsonderwys, is in die lewe geroep. Hierdie akademiese diensinstansie is 'n sentrum van deskundigheid wat die akademiese gemeenskap van inligting, advies en opleiding voorsien ten einde dosente te bemagtig om aanspreeklikheid vir onderwys (insluitend afstandsonderwys) van hoë gehalte te aanvaar. Sonder 'n eenheidsstruktuur soos die Afdeling Universiteitsonderwys kan betekenisvolle inisiatiewe ten opsigte van die ontwikkeling van een van die Universiteit se kernfunksies, naamlik onderwys van hoë gehalte, baie moeilik met welslae deurgevoer word.

DIE SENTRUM VIR STUDENTEVOORLIGTING

Sedert 1 September 1997 is die voormalige Eenhede vir Studentevoorligting, naamlik Voorligtingsielkunde, Kliniese Sielkunde en die nuwe Loopbanekantoor, geïntegreer in die Sentrum vir Studentevoorligting.

Gedurende 1997 het altesaam 3 609 voornemende en ingeskrewe studente op individuele en groepsbasis gebruik gemaak van dienste wat, onder meer, die volgende behels het: voorligting, loopbaanontwikkeling, persoonlike en emosionele hulpverlening (wat 'n 24-uur-krisisdiens insluit), akademiese ontwikkelingsprogramme, internskapopleiding en gemeenskapsdiens.

Die nuwe Sentrum vir Studentevoorligting is 'n diensomgewing waar die verskillende vertakings van die Sielkunde integreer om oor 'n breë spektrum professionele diens van hoë gehalte te lewer.




'n Belangrike strewe van die Sentrum is om die individu se potensiaal te optimaliseer, wat meebring dat ontwikkelingsprogramme hoë prioriteit geniet. Die Sentrum lewer ondersteuningsdienste wat bydra tot die geestesgesondheid, goeie studie- en loopbaankeuses en die breë ontwikkeling van die hele universiteitsgemeenskap.

Dekane van fakulteite

REGS: *Proff IJ van der Merwe (Fakulteit Lettere en Wysbegeerte), FJW Hahne (Fakulteit Natuurwetenskappe) en WL Nell (Fakulteit Opvoedkunde).*

MIDDEL (VAN LINKS): *Proff MJ Hattingh (Fakulteit Landbouwetenskappe), JSA Fourie (Fakulteit Regsgeleerdheid), P Coertzen (Fakulteit Teologie), JA Matthee (Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe) en PW van der Walt (Fakulteit Ingenieurswese).*




ONDERSTE RY (VAN LINKS): *Proff J de V Lochner (Fakulteit Geneeskunde), G van Wyk (Fakulteit Bosbou), C Nelson (Fakulteit Krygskunde) en WP Dreyer (Fakulteit Tandheelkunde).*



Navor sing

Die uitgangspunt van die Universiteit is dat navorsing, naas onderrig, een van 'n universiteit se primêre funksies is. Die Universiteit het 'n duidelike navorsingsbeleid waarin hy uitdrukking probeer gee aan die verskeidenheid prioriteite en aksente in al die verskillende vertakings van die moderne wetenskap.

Die Universiteit het gedurende die verslagjaar 'n proses in werking gestel wat voorsiening maak vir die beoordeling van die etiese aspekte van navorsingsprojekte. Hierdie beleid is ingestel om seker te maak dat alle navorsing wat van 'n sensitiewe aard is, deur 'n keuringsproses kan gaan om sodoende die regte van mens, dier en omgewing te beskerm.



Prof Ben Burger, Voorsitter van die Departement Chemie, wat in 1997 deur die Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) as 'n kategorie A-navorser geplaas is.

Prof Burger is 'n leier op die gebied van feromoonchemie.

Dit behels die analise en identifikasie van sekere afskeidings wat diere gebruik om met mekaar te kommunikeer.

Benewens die bostaande het die bestuur van die Universiteit en die Afdeling Navorsingsontwikkeling in 1997 deurlopend die klimaat en moontlikhede vir die stimulering van navorsing probeer skep, onder meer deur middel van die volgende:

- Die doeltreffende aanwending van fondse om in die uiteenlopende behoeftes van navorsers te voorsien, onder andere deur die aankoop en bedryf van navorsingstoerusting as deel van die sentrale analitiese fasiliteite. Die Universiteit het in 1997 die voortou geneem om die aankoop van uitsonderlik duur navorsingstoerusting op streeksvlak in die Wes-Kaap te fasiliteer. Hierbenewens het die Afdeling 'n databasis ontwikkel om die beskikbaarheid van toerusting by universiteite, ander navorsingseenhede en in die bedryf te bepaal en byeen te bring op 'n streekstoerustingdatabasis.
- Die Spesiale Ondersteuningskema vir navorsing, waardeur fondse vir diskresionêre gebruik aan navorsers beskikbaar gestel word op grond van vorige navorsingsuitsette.
- Die Universiteit het ruim belê in die versterking van sy wetenskapsomgewing ten einde hoog geëvalueerde wetenskaplikes na die kampus te trek.
- Gedurende 1997 is 'n beleidsraamwerk aanvaar om die derde geldstroom, naamlik befondsing uit die privaat sektor, verder te ontwikkel. Spesiale maatreëls word in die vooruitsig gestel om die US se kapasiteit te bemark ten einde verdere fondse vir navorsing te bekom.
- Gedurende 1997 is twee berade oor die US se navorsingsportefeulje gehou – een vir die geesteswetenskappe en een vir die natuurwetenskappe. Die doel daarvan was om bestaande stelsels, strukture en werkwyses te ondersoek. Feitlik al die voorstelle wat by die berade ter tafel gelê is, is reeds in werking gestel.
- Die Universiteit se vyfjaar-aksieplan vir navorsing wat in 1993 geloods is, het in 1997 verstryk, waarna twee buitdeskundiges versoek is om die plan te beoordeel. Op grond van verslae deur

*Prof Ron Sanderson van
die Departement Chemie
en die Instituut vir
Polimeerwetenskap het in
1997 die grootste THRIP-
toekenning in die
land ontvang.*



prof P Smit, voormalige rektor van die Universiteit van Pretoria, en dr R Arndt, voormalige president van die SNO, word 'n nuwe toekomsgerigte navorsingsaksieplan nou geformuleer.

- Die beskikbaarstelling van inligting oor die belangrikste insette en uitsette ten opsigte van navorsing aan die Universiteit tot op departementele vlak oor die voorafgaande vyf jaar aan sowel die bestuur van die Universiteit as aan die akademiese gemeenskap.
- Die publikasie van die jaarlikse Navorsingsverslag waarin die Universiteit sy navorsingsaktiwiteite op 'n breë grondslag bekendstel.

Navorsing aan die Universiteit het in 1997 op 'n hoë vlak voortgegaan. Die Universiteit het 'n omvattende navorsingsportefeulje, waarin daar op verskeie gebiede uitmuntende prestasies gelewer word. Navorsers en navorsingsinstansies het ruim finansiële steun van die statutêre rade en van 'n verskeidenheid ander instansies in die privaat sektor ontvang. Verskeie navorsers aan die Universiteit is ook gedurende die jaar vir uitmuntende bydraes op hul vakgebiede vereer.

Gegewens toon dat die Universiteit daarin slaag om ruim steun vir navorsing van buite te bekom. Gedurende 1997 word die regstreekse besteding aan navorsing (uitgesonderd die salaris-komponent van personeel en die beskikbaarheid van infrastruktuur) op R12 miljoen uit universiteitsfondse en R42 miljoen uit buitelandse geskat (R17 miljoen van laasgenoemde uit die privaat sektor). Hiervan is onderskeidelik R2,2 miljoen uit universiteitsfondse en R9,4 miljoen uit buitelandse aan beurse vir nagraadse studente bestee (waarvan R5,7 miljoen uit die nowerheidsektor kom).

Die verslagjaar is gekenmerk deur verskeie uitstekende prestasies op navorsingsgebied, waarvan die onderstaande enkele voorbeelde is:

- Deur die skep van infrastruktuur, die werwing van hoogstaande navorsers en die daarstel van voldoende kapasiteit het die Universiteit in 1996 meer fondse deur middel van THRIP (Technology and Human Resources for Industry Programme) bekom as enige ander universiteit in die land, nl. R8,3 miljoen. Die US was in 1997 weer onder die voorste universiteite wat die ontginning van fondse d.m.v. THRIP betref. Groot sukses is behaal met vennootskapvorming tussen die Universiteit, die bedryf en statutêre navorsingsrade.
- Benewens die bestaande twee eenhede by die Universiteit wat deur die Mediese Navorsingsraad gesteun word, naamlik die MNR-eenheid vir Perinatale Mortaliteit en die MNR/US se Sentrum vir Molekulêre en Sellulêre Biologie, is 'n derde eenheid, die Navorsingseenheid vir



Prof Lourens du Plessis (links), direkteur van die SWO-gesteunde Navorsingseenheid vir Regs- en Grondwetvertolking, en prof Jacques de Ville van die Universiteit van Wes-Kaapland.

Angs- en Stressteurings, onder leiding van dr Dan Stein in die Departement Psigiatrie gevestig. Dr Stein is op 35 een van die jongste direkteure wat nog by so 'n sentrum aangestel is.

- Benewens die bestaande Navorsingseenheid vir Eksperimentele Fonologie (NEFUS), is nog 'n eenheid in die geesteswetenskappe in 1997 deur die SWO aan die US toegeken, te wete die Eenheid vir Regs- en Grondwetvertolking. Die Universiteit bedryf die laasgenoemde eenheid in vennootskap met die Universiteit van Wes-Kaapland en dit is ook die eerste keer dat so 'n navorsingseenheid in vennootskap aan twee universiteite toegeken is.
- Prof Ben Burger van die Departement Chemie is deur die SNO tot 'n A-vlak-navorsers opgegradeer. Prof Sakkie Pretorius was reeds voor 1997 'n A-geëvalueerde.
- Meer as 'n duisend vaktydskrifartikels en verrigtinge van nasionale en internasionale vakkongresse is gedurende 1997 gepubliseer. Verder is 78 doktorsale proefskrifte en 297 magistratesse afgehandel.

Afstandsonderwys

As regstreekse uitvloeisel van die Rektor se toekomsvisie vir die Universiteit is 'n taakgroep in 1997 op die been gebring om afstandsonderwys aan die Universiteit te ondersoek en aanbevelings aan die Raad te doen. Terselfdertyd is saadgeld bewillig, wat die Universiteit se erns met afstandsonderwys beklemtoon het.

Die taakgroep, onder leiding van prof Kobus Meij, het bestaan uit proff Izak van der Merwe, Tom Park, Niek du Preez en Tobie de Coning. Aanvanklik het die groep hoofsaaklik daarop gefokus om afstandsonderwys (AO) in sy sleuteldimensies, en in US-verband, te artikuleer. Terselfdertyd is die AO-omgewing ruim verken ten einde inligting in te win oor die didaktiese aspekte daarvan en AO-tegnologieë waarvan gebruik gemaak word.


Die taakgroep het gou besef dat daar aan die Universiteit vir 'n verskeidenheid van AO-modaliteite, wat steun op beide sinkrone en asinkrone aanbiedings, voorsiening gemaak moet word. Die volgende stap was dus om 'n reeks loodsprojekte van stapel te stuur wat die onderskeie modaliteite en afleweringswyses sou toets. Hierna is 'n kampuswye bewustheid en ondersteuning vir AO geskep, waarna 'n aantal entoesiastiese projekte vir die onderskeie projekte aangewys is.



Ook aan die tegnologiesfront is goeie vordering gemaak. Met die oog op telematiese leer is 'n uiters gunstige ooreenkoms met Ubuntu Edunet gesluit, wat die Universiteit in staat stel om by wyse van regstreekse televisie-uitsendings met oudioterugvoer direk na 'n aantal geografies verspreide elektroniese klaskamers uit te saai. Hierbenewens is 'n opwindende produk, naamlik SERF, op gunstige voorwaardes bekom. SERF is 'n baie gebruikersvriendelike, aanpasbare Internet-kursusomgewing wat oor administratiewe, dosent-, student- en fasiliteerder-toegangsvlakke beskik.

In sy werksaamhede het die taakgroep deurentyd besef dat US-standaarde nooit in gedrang mag kom nie. Gevolglik is daar gepoog om afstandsonderwys vanuit die opvoedkundige hoek te benader en te beoordeel. Dit is gedoen deur middel van 'n verkenning van tersaaklike literatuur, deeglike oorlegpleging en 'n buitelandse besoek waartydens kongresse oor afstandsonderwys bygewoon is en skakeling bewerkstellig is met inrigtings wat 'n geruime tyd reeds suksesvolle afstandsonderwys bedryf.

Eksterne dryfkragte wat die toekomstige opvoedingslandskap vorm, noop die Universiteit om 'n beduidende posisie op die virtuele kampus in te neem; in die lig hiervan het die Raad van die Universiteit met ingang 1 Januarie 1998 die aanbeveling van die taakgroep om onmiddellik 'n afdeling vir afstandsonderwys aan die Universiteit te vestig, in werking gestel. Prof Tobie de Coning is benoem as eerste Senior Direkteur: Afstandsonderwys.



In die volgende fase van afstandsonderwys aan die Universiteit sal daar by uitstek gefokus word op die afhandeling van die onderskeie loodsprojekte, die kartering van 'n waardeketting vir die Afdeling Afstandsonderwys, stabilisering van die tegnologieplatforms vir AO, die vertrouwdmaking van dosente met die onderskeie afstandsonderwysmodaliteite, die vestiging van dinamiese interaksies tussen die onderskeie US-omgewings wat nodig is om 'n geïntegreerde afstandsonder-




wysfokus te verseker, generiese en doelgerigte bemarking van afstandsonderwys, en fasilitering van 'n proses om so gou doenlik 'n aantal produkte van onberispelike akademiese standaard in die mark te vestig.

Nagraadse studie

Die persentasie nagraadse studente het in 1997 verder toegeneem tot 30,6% – een van die hoogstes in die land. Talle studente van elders is na die Universiteit getrek deur 'n aantal verbeeldingryke tweejarige kursusgebaseerde of gestruktureerde magisterprogramme. Verskeie van dié programme word in modulêre vorm aangebied, wat meebring dat 'n groot deel van die studente werkende persone is wat dan net vir beperkte periodes na Stellenbosch hoef te kom.

Verskeie van die magisterprogramme sluit baie nou aan by die behoeftes in spesifieke werksektore. Hierdeur toon die Universiteit dat hy akademiese programme aanbied wat ook toepaslik is vir mense wat in hulle gekose beroepe verder wil vorder en hulle kennis op die jongste stand van sake wil bring.



Die getal buitelandse studente, veral uit België, Nederland en Duitsland, wat nagraads op Stellenbosch kom studeer, groei nog steeds. Sommige studente volg volwaardige graadkorsusse, terwyl ander slegs 'n semester aan die Universiteit deurbring en slegs dele van kursusse volg of deelneem aan navorsingsprogramme.



Verslag van die Viserektor (Bedryf)

Oor die algemeen is goeie vordering gemaak met die implementering van die beleid van desentralisering van besluitnemingsbevoegdheid en bestuur, asook finansiële dissipline in die bedryf van die Universiteit van Stellenbosch gedurende 1997.

As 'n persentasie van die totale bedryfsinkomste het die subsidiebydrae vanaf die Staat van 71,6% in 1996 tot 70,4% in 1997 verminder. Dit volg nadat die Staat die sogenaamde "a"-befondsingsfaktor verlaag het van $a = 66,2\%$ in 1996 tot $a = 64,3\%$ in 1997 – 'n dalende tendens wat waarskynlik in die toekoms sal voortduur.

Ons sal steeds, soos in die verlede, probeer om die aanpassings van onderrig- en losiesgeld by of benede die inflasiekoers te hou ten einde universiteitstudie bekostigbaar te hou. Die verminderende staatsubsidie kan egter 'n geweldige uitwerking op dié sensitiewe gebied hê, aangesien elke persentasiepunt wat die staatsubsidie afneem, tot gevolg het dat ons klasgeld met twee persentasiepunte verhoog moet word om die boeke te laat klop.

'n Belangrike aspek van ons langtermyn-bedryfstrategie is om deurlopend die funksionaliteit van elke diensafdeling te ondersoek. Die benadering is dat indien 'n bepaalde diens deel uitmaak van ons kernaktiwiteite as opvoedkundige instelling, of as ons dit self meer doeltreffend as 'n buitemaatskappy kan bedryf, of indien dit vanweë strategiese redes behou moet word, ons sal voortgaan om die diens self te lewer. Indien dit egter nie die geval is nie, sal ons geen alternatief hê as om sodanige dienste uit te kontrakteer nie.

Die Universiteit is nou reeds geruime tyd in 'n proses van regskaal en die afwenteling van finansiële besluitnemingsbevoegdheid. Terselfdertyd word strategiese fokus opnuut geplaas op gebiede wat ons as kernareas beskou, terwyl ons die afhanklikheid van 'n steeds dalende staatsubsidie moet verminder deur die daadwerklike ontwikkeling van addisionele inkomstepotensiaal.

Dekane beskik reeds oor groter bemagtiging ten opsigte van finansiële bestuur van hulle fakulteite en mettertyd sal die bemagtiging verder uitbrei ten opsigte van personeel- en ander bedryfaspekte van hulle omgewings. Vanaf 1997 kan dekanate reeds personeelposte binne hul fakulteite bestuur binne die raamwerk van die Universiteit se strategiese planne.

In die algemeen het die salarisrekening as 'n persentasie van die bedryfsrekening, oftewel die personeelkostefaktor, wat kapitaalkoste uitsluit, van 66,2% in 1996 na 63,6% in 1997 afgeneem. Daar word verwag dat hierdie syfer in 1998 na ongeveer 61% sal daal. Die relatiewe afname in ons



salarisrekening beteken onder meer dat ons meer geld na ons kernaktiwiteite soos biblioteek-dienste, navorsing, laboratoriumtoerusting, bedryfsuitgawes, ens. kan verskuif.

Stellenbosch ervaar tans 'n geweldige tekort aan huisvesting vir studente. Teen die einde van 1997 was daar meer as 2 000 studente op koshuiswaglyste. Die oprigting van Concordia, 'n woonstelblok wat 201 senior en buitelandse studente kan huisves, asook die verdubbeling van die verblyfkapasiteit van Hombre-manskoshuis, was inisiatiewe om die uiters belangrike saak van studentehuisvesting aan te spreek.

Die eerste fase van die implementering van die Fisiese Meesterplan is gedurende 1997 afgehandel. Departemente wat logies saam hoort, is onder meer saam gegroepeer. Daar word voorsien dat die Universiteit in 1998 met die implementering van fase twee sal begin. Dit sal onder andere die ontwikkeling van 'n kompleks vir Biologiese Wetenskappe, die daarstelling van 'n deurnagstudielokaal, die behoorlike huisvesting van die Departement Beeldende Kunste sowel as die voorsiening van 'n konferensiesentrum behels.

Dit is Universiteitsbeleid om meer fondse na omgewings wat ons as strategies belangrik beskou, te kanaliseer ten einde sentra van uitnemendheid uit te bou. Daar is byvoorbeeld R3 miljoen bestee aan die oprigting van 'n transgeniese laboratorium vir die Instituut van Plantbiotegnologie, wat vroeg in 1998 amptelik in gebruik geneem sal word.

Met ingang van 1998 sal groter klem gelê word op die ontginning van intellektuele eiendom. Tans lewer die sogenaamde derde geldstroom slegs ongeveer 2% van ons totale inkomste; binne vyf jaar sal dié stroom egter hopelik 'n tweesyferkoers (persentasiegewys) tot die totale begroting bydra. 'n Toename in addisionele inkomstebronne sal die Universiteit in staat

stel om onder meer bykomende navorsingskapasiteit te skep en personeel aan te stel.

Die eerste fase van 'n omvattende ondersoek na parkeeraspecte op die kampus is in 1997 afgehandel. Ons verwag dat oplossings in 1998 gevind sal word en dat aanbevelings in die daaropvolgende jaar geïmplementeer sal kan word. Verbetering van die kampussekuriteit vorm 'n integrale deel van hierdie ondersoek. Die Universiteit het ook in 1997, as deel van sy fokus op veiligheid, die beligting op die kampus verder verbeter en 'n gepatrolleerde groen roete tot stand gebring as aanbevole, veiliger roete vir studente wat saans op die kampus moet beweeg.





F*inansies en Dienste*

Die totale inkomste uit alle bronne van die Universiteit van Stellenbosch ten opsigte van sy sentrale begroting het met 8,4% gestyg van R314 225 000 in 1996 tot R340 740 000 in 1997. Die bydrae van die Staat, wat in 1997 net meer as 70% van die inkomste uitgemaak het, het slegs met 6,6% gestyg van R224 937 000 in 1996 tot R239 920 000 in 1997.

Die Universiteit se totale uitgawes ten opsigte van sy sentrale begroting het met 9,9% gestyg van R309 960 000 in 1996 tot R340 718 000 in 1997. Kapitaall uitgawes en Onderrig en Navorsing wat 65,1% van die totale uitgawes in 1997 beloop het, het met 10,5% toegeneem, wat strook met die Universiteit se strategiese fokus op sy kernaktiwiteite.

Die volgehoue herstrukturering en regskeping van die bedryfsaspekte van die Universiteit het steeds 'n direkte invloed op die strukture en funksies van die Afdeling Finansies en Dienste.



Soos vir al die ander departemente en afdelings aan die Universiteit, is 'n struktuurplan vir die Afdeling Finansies en Dienste opgestel waarin die doelwitte vir die afbou van sy personeel tot die jaar 1999 bereik is. Dit het noodwendig meegebring dat sekere funksies heringedeel of heringestel moes word.

As deel van sy voortdurende strewe om 'n kostedoeltreffende diens vir die Universiteit te lewer, is 'n omvattende studie in 1997 onderneem na die funksionering van die Afdeling Tuine en Terreine op die kampus, en die koste wat daaraan verbonde is. Gevolglik is die volle tuindienste, met uitsondering van 'n klein kernpersoneel wat die noodsaaklike toesig- en kontrolefunksie verrig, vanaf 1 Augustus 1997 uitgekontraakteer en aan verskeie privaat tuindienste toegeken. Dit het tot 'n aansienlike kostebesparing vir die Universiteit gelei.

'n Volledige ondersoek is ook geloods na die funksionering van die Afdeling Kampusbeheer en die rol wat dit vervul. Die heromskeping van die visie en missie van die Afdeling dui op 'n besliste klemverskeping na 'n meer proaktiewe, voorkomende voorligtings- en inligtinggewende benadering. Vandaar dan ook dat die naam na Universiteit van Stellenbosch Beskermingsdienste (USBK) verander is.



I n k o m s t e e n u i t g a w e s





Kommersiële Dienste

Die Afdeling Kommersiële Dienste bestaan uit verskeie onderafdelings waarvan Aankope en Voorsieningsdienste, die Voertuigpoel, die US Drukkery, die US Kopieersentrum, die US Gimnasium en die Langenhoven Studentesentrum (die “Neelsie”) die vernaamste kostesentrums is.



Kostesentrums is gekommersialiseerde diensafdelings wat finansiële onafhanklikheid van die Universiteit as doelstelling het. Twee van die grondbeginsels van kommersialisering aan die Universiteit is regverdige mededinging met die privaat sektor en volledige kosteverhaling. Elk van die bovermelde kostesentrums word reeds volgens dié beginsels bestuur.

Die stelsel blyk 'n groot sukses te wees, veral as daar na die Neelsie, soos die Langenhoven Studentesentrum alom bekend is, gekyk word. Die Neelsie se ongekende groei tussen 1995 en 1996 is in 1997 herhaal. Omset was eweneens hoër as in die vorige jaar.

Benewens koste-ontledings, tariefbepalings en die bedryf van kostesentrums, bemark die Afdeling ook geregistreerde patente soos die wyngis, VIN 13, van die Departement Mikrobiologie en die HYSUCAT-patent van die Departement Meganiese Ingenieurswese.

Ter ondersteuning van innoverende idees wat in produkte omskep kan word en wedersydse voordele vir die gemeenskap en die Universiteit inhou, word 'n nuwe maatskappy, naamlik University Technologies (Edms) Beperk, op 1 April 1998 in bedryf gestel, wat die kommersialisering van patente wat deur die Universiteit ontwikkel word, sal hanteer.

Kapitaalwerke

EIENDOMME EN GEBOUE

Deur middel van 'n deurlopende evalueringsprogram verseker die Universiteit dat sy eiendomme optimaal benut word en dat sy geboue en infrastruktuur behoorlik in stand gehou word.

Eiendomme wat nie op die lang termyn in die Universiteit se primêre behoeftes van opleiding en navorsing voorsien nie, word geïdentifiseer en kundiges word aangestel om die ontwikkelingsmoontlikhede daarvan te ondersoek. Hierbenewens word die prosesse om deur middel van hersonering waarde by die eiendomme te voeg, deurlopend bedryf. Besondere aandag word ook geskenk aan moontlikhede om alle eiendomme beter te benut deur middel van rasionalisasie, sowel as deur verhuring aan eksterne organisasies.



INSTANDHOUDING VAN GEBOUE EN INFRASTRUKTUUR

Fisiese beplanning

In die Universiteit se deurlopende program van uitbreiding en herontwikkeling van sy fisiese fasiliteite ten einde optimaal in die behoeftes van moderne opleiding en hoëvlaknavorsing te voorsien, is kapitaalprojekte ten bedrae van ongeveer R48 miljoen gedurende 1997 uitgevoer.

Met die aanvang van die eerste semester in 1997 is die heringerigte JH Neethling-gebou vir die Fakulteit Landbouwetenskappe, waarin onder meer nuwe navorsingslaboratoria vir die Instituut vir Wynbiotegnologie voorsien is, in gebruik geneem.

Hierbenewens is nuwe navorsingsgeriewe geskep deur die inrigting van onder meer enjintoetselle by Meganiese Ingenieurswese, 'n ekotoksikologie-laboratorium by Soölogie en die volledige herontwikkeling van die Voedselwetenskapgebou. 'n DNA-laboratorium vir Genetika, 'n plantbiotegnologie-laboratorium, transgeniese glashuis en groeikamer vir Botanie, en 'n organometaal laboratorium by Anorganiese Chemie is ook ingerig.

Inwoningsgeriewe vir studente is deur verskeie bouprojekte aansienlik uitgebrei. Bykomende huisvesting vir agt vrouestudente is ook voorsien deur die omskepping van 'n linnekamer in Minerva, en 26 studente word tydelik in die Mostertsdrift-woning gehuisves nadat addisionele badkamergeriewe aangebring is.

Voorts is die vorige sentrale kombuis op die Tygerbergkampus in woonstelle omskep vir 53 elektiewe en senior studente. Daar is ook begin met die oprigting van 'n behuisingseenheid op die Bellvilleparkkampus wat huisvesting sal bied aan 41 nagraadse studente wat kort, modulêre kursusse volg. Hierdie gebou behoort teen die middel van 1998 in gebruik geneem te word.

'n Hersiene meesterplan is opgestel vir die ontwikkeling van die Stellenboschkampus waarvolgens nuwe ruimtetoewysings aan departemente gemaak is, om reserweruimte te konsolideer en ook 'n meer funksionele geografiese plasing van departemente te bewerkstellig. Die eerste fase van hierdie plan is in 1997 in werking gestel. As deel van die uitvoering van die meesterplan, is die ou Luckhoffskool in Banghoekweg opgeknep en ingerig om Matie Gemeenskapsdiens sowel as verskeie ander gemeenskapsdiensorganisasies te huisves.

Talle ander projekte van wisselende omvang is ook gedurende 1997 uitgevoer, wat onder meer die uitbreiding van die takbiblioteek van die Teologiese Kweekskool, die verskuiwing van die

As deel van fase twee van die Universiteit se Fisiese Meesterplan word 'n konferensiesentrum beoog, in die gebou wat deur die Departement Beeldende Kunste gebruik word. Die sierlike gewels op dié ou foto is afgebreek toe die gebou se dak sowat 30 jaar gelede vervang is. Daar word nou beplan om die geskiedkundige gebou se buitekant te restoreer tot sy oorspronklike prag toe dit vroeg in hierdie eeu as 'n seunskool opgerig is.



Eenheid vir Voorligtingsielkunde na Hofmeyrhuis, die opgradering van verskeie geboue om beter toegang vir gestremde persone te bied, en die uitbreiding van die Natuurwetenskappe-rekenaargebruikersarea (NARGA) behels het.

Instandhouding

Dit is die taak van die Afdeling Instandhouding om die nagenoeg 174 strukture op die Stellenboschkampus, dié op die Tygerberg- en Bellvillekampusse, die Universiteit se koshuise, universiteitshuise, proefplase, sportfasiliteite en studentesentrums asook die Universiteit se vaste toerusting, meubels en los toerusting in stand te hou.

Gedurende die verslagjaar is daar begin met die implementering van 'n gerekenariseerde voorkomende instandhoudingsprogram wat nie slegs die leeftyd van die fasiliteite en toerusting sal verleng nie, maar ook op die langer termyn beduidende besparings sal meebring.

I n f o r m a s i e t e g n o l o g i e

Die Universiteit se Informatietegnologie-infrastruktuur is die afgelope jaar verder uitgebrei. Die kampuswye netwerk, SUNET, dek tans die algehele kampus tot oorkant die Eersterivier. Meer as 50 km optiese veselkabel tussen bykans alle geboue word as draer gebruik. Daar is reeds meer as 4 000 netwerkpunte op die kampusse van die Universiteit, insluitend in sommige koshuiskamers. Internettoegang is reeds teen 'n baie lae tarief aan alle studente en personeellede wat daarvoor geregistreer is, beskikbaar.

Studente word bedien vanuit sewe rekenaargebruikersareas en 'n aantal nuwe elektroniese klaskamers is vanjaar in gebruik geneem. Die meeste rekenaars het reeds Windows-vermoë en die netwerkbedieners is van die hoogste gehalte. Studente kon ook in 1997 op die Internet en 'n spraakgesteunde stelsel via die telefoonstelsel toegang tot hulle uitslae bekom. Beide stelsels is deur die Afdeling Informatietegnologie ontwikkel. Die gesamentlike bemarkingstrust, UNITRUST, het 'n eerste kliënt, naamlik die Universiteit van die Noord-Weste, gewerf. Die UIS (Unitrust Inligtingstelsels) word nou by dié universiteit geïnstalleer en alle dienste word vanaf die Stellenboschkampus gelewer. Die ander lede van UNITRUST, naamlik die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die Universiteit van Pretoria, benut reeds die UIS gedeeltelik of volledig. Die feit dat ontwikkelingskoste deur die vennote gedeel word, is 'n besliste waardetoevoeging tot die onderskeie lede se begrotings.



Verslag van die Hoofdirekteur: Studentesake

Die nuwe Hoofdirekteur: Studentesake, prof PG du Plessis, het op 1 Januarie 1997, na 'n akademiese termyn van 22 jaar in die Departement Ondernemingsbestuur, die leisels oorgeneem by prof PR de Wet, wat afgetree het.

Die Afdeling het die aard en omvang van sy taak in die volgende missie- en visiestellings geformuleer:

- Dit is die visie van die Afdeling Studentesake om 'n betekenisvolle bydrae te lewer tot die daarstelling van 'n veilige, gesonde en gebalanseerde omgewing waarbinne alle Maties hulself op terreine van die akademie, geloof, sport, kultuur en ontspanning ten volle kan uitleef.
- Die missie word omskryf as 'n ingesteldheid om die Matie-studentegemeenskap op 'n opreg vriendelik, toeganklike en ondersteunende wyse tot diens te wees.

Die Afdeling is, in die hoedanigheid as voorsitter, sekretariaat, sameroeper, koördineerder, inisieerder, adviseur en selfs trooster, nou betrokke by 'n groot verskeidenheid studente-aktiwiteite van 'n nie-akademiese aard. Hierdie betrokkenheid geskied in die gees van die visie- en missiestellings en het die potensiaal om 'n wesenlike bydrae tot die ontwikkeling van afgeronde mense op ander terreine as die akademie te lewer.

Die nuwe taak van ondersteuning van studente met gestremdhede bied vele uitdagings en geleenthede om die Universiteit toeganklik vir al sy studente te maak. Dit is veral by die Studenteraad met al sy portefeuljes en verenigings, Matie Gemeenskapsdiens, die Sportburo met al die uitnemende sportprestasies, die koshuise, PSO-wyke, Die Matie, en Matie FM Stereo 92.6 waar die hart van studentwees klop. Die Afdeling Studentesake ervaar hierdie energie en inisiatiewe van die Studente-unie oor die algemeen as uniek positief en opbouend. Daar is selde 'n ledige of vervelige oomblik waar 16 000 bondels opgekropte energie teenwoordig is.

Studentedeelneme aan bestuurstrukture

Dit was nog altyd die uitgesproke beleid dat die insette van studente hoog geag word in die bestuurstrukture van die US. In pas met die evolusionêre nasionale en internasionale veranderinge op hierdie gebied, het die Universiteit die voortou geneem en word studente jare lank reeds amptelik as deel van bestuurstrukture genomineer.




Op makrovlak het hulle verteenwoordiging in die hoogste formele gesagstrukture soos die Raad, die Senaat en fakulteitsrade. Ook in belangrike werkskomitees soos die Akademiese Beplanningskomitee, die Fisiese Beplanningskomitee, die Koshuiskomitee, die Komitee insake Beurse en Lenings, die Biblioteekkomitee, en die Sportadvieskomitee lewer studenteverteenwoordigers goeie bydraes.

Ad hoc-komitees, soos met die aanwysing van die Viserektore, die Rektor en ander senior amptenare van die Universiteit, sluit ook studenteverteenwoordigers in.

Studente neem die voortou in alle komitees wat studente-aktiwiteite raak, soos met karnaval, vensterversierings, triversity, Die Matie, Matie FM Stereo 92.6, Matie Gemeenskapsdiens, alle koshuis- en PSO-aktiwiteite, studenteverenigings en in sportklubs.

Daar kan tereg gesê word dat studente op die voorpunt is van besluitneming in alle aangeleenthede wat die studente-unie aan die US ten nouste raak.

Huisvesting



Gedurende 1997 het 4 991 studente op die Stellenboschkampus in die 22 universiteitskoshuise (10 mans- en 11 vrouekoshuise en een gemeng), 30 universiteitshuise en drie woonstelblokke ingewoon. In die twee universiteitskoshuise op die Tygerbergkampus het 555 studente tuisgegaan. Byna 35% van alle voltydse studente het in universiteitshuisvesting gewoon.

Studente wat nie in geboue van die Universiteit woon nie, word by een van vyf privaat wyke op die Stellenboschkampus of by die Skiereilandse privaat wyk, Aurora, ingedeel sodat hulle as groepe aan studentebedrywighede kan deelneem.



Sport

As een van die voortreflikste sportfasiliteite ter wêreld, het Coetzenburg as oefenplek weer eens die afgelope jaar voorkeur geniet by 'n verskeidenheid buitelandse atlete.

Die Wêreld- onder 14-sokkertoernooi het in 1997 op Coetzenburg plaasgevind, terwyl die Suid-Afrikaanse onder 17-akademierugbyweek, die Suid-Afrikaanse onder 21-netbaltoernooi en die Suid-Afrikaanse onder 21-pluimbaltoernooi almal op Stellenbosch gehou is. Die jaarlikse Winfield-sewestoernooi het by die Danie Craven-stadion plaasgevind.

Die Maties het weer eens voortreflike prestasies op sportgebied gelever deurdat die Universiteit se spanne in judo, vrouewaterpolo, onderwatersport, driekamp, manshokkie en gimnastiek hulle SASSU-toernooie gewen het. Die Universiteit se hokkie- (mans en vroue), rugby-, krieket-, netbal- en pluimbalspanne het ook in die eerste ligas van die Westelike Provinsie en Boland die louere weggedra.



'n Uitsonderlike prestasie was dat die vrouehokkiespan op die Suid-Afrikaanse klubkampioenskap weer eens die titel ingepalm het. Die Maties het hierdie kampioenskap sedert 1983 reeds 10 keer gewen. Die Universiteit se eerste rugbyspan het die eerste M-Net nasionale klubkampioenskap gewen, terwyl krieket en manshokkie tot die finale kragmeting van hulle nasionale kampioenskappe deurgedring het.



Cathryn Weyer (in Matiekleure) in aksie in die 1997-eindstryd van die nasionale vrouehokkie-klubkampioenskap teen Old Edwardians. Die Maties het hierdie kampioenskap sedert 1983 reeds 10 keer gewen.

Soos in die verlede, het die Maties in 1997 die kern van die Westelike Provinsie- en Boland-spanne gevorm en altesaam 93 Maties het Westelike Provinsie of Boland verteenwoordig; 23 in die B-spanne en 74 in ouderdomspanne. Altesaam 34 Maties is vir SASSU-spanne gekies.

Die Maties is ook op internasionale vlak goed verteenwoordig. Vyftien is gekies om Suid-Afrikaanse spanne te verteenwoordig, drie vir Suid-Afrikaanse B-spanne, en 15 vir ouderdomspanne. Hierbenewens het sewentien oud-Maties Suid-Afrika verteenwoordig.

Die rugbyspringbok, Pieter Rossouw, en die twee- en driekampatleet, Robyn Adendorff, is onderskeidelik as die Universiteit se sportman en -vrou vir 1997 aangewys.

